**PERSVERKLARING**

## Niergesondheid vir Almal

### 10de Herdenking van Wêreld-nierdag – vier dit deur 'n glas water te gee!

*Brussel, 23 Februarie 2015* – Donderdag 12 Maart is die 10de herdenking van Wêreld-nierdag. Dit is die enigste geleentheid, toegespits op niergesondheid, wat jaarliks op groot skaal wêreldwyd gevier word. Wêreld-nierdag word gesamentlik deur die Internasionale Nefrologievereniging en die Internasionale Federasie van Nierstigtings gereël. Vanjaar se tema, 'Niergesondheid vir almal', herinner ons daaraan dat nie almal dieselfde risiko loop tot niersiekte of dieselfde toegang tot behandeling het nie.

Aangesien daar sowat 10% van mense wêreldwyd is wat die een of ander vorm van nierskade het, is daar nog heelwat te doen om mense bewus te maak van die gevare van niersiekte. Daar word voorspel dat chroniese niersiekte met 17% in die volgende dekade sal styg, en dit word nou deur die Wêreldgesondheidsorganisasie en ander instansies erken as 'n wêreldwye openbare gesondheidskwessie.

Party gemeenskappe in hoë- sowel as lae-inkomstelande loop 'n groter risiko vanweë etniese oorsprong, sosio-ekonomiese status en/of woongebiede. Dit hou belangrike openbare gesondheidsimplikasies in, as gevolg van die hoë koste verbonde aan niervervangingsterapie. Dit is bekend dat sekere bevolkingsgroepe soos Afrikane, Amerikaanse Indiane, Spaans-Amerikaners, Asiate en Australiese inboorlinge 'n verhoogde risiko vir diabetes en hoë bloeddruk het, wat twee van die hoofoorsake van chroniese niersiekte is. Hierdie bevolkingsgroepe is dus meer geneig om erge niersiekte te ontwikkel wat uiteindelik tot nierversaking kan lei. In die VSA is Afro-Amerikaners byvoorbeeld drie keer meer geneig tot nierversaking. In vergelyking met Kaukasiërs, het Afro-Amerikaners 'n baie hoër algemene bloeddruk; ontwikkel hipertensie op 'n jonger ouderdom en het 'n groter kans om komplikasies soos chroniese niersiekte, beroerte en hartkwale te ontwikkel.

Daarbenewens is daar 'n aantal belangrike kwessies en uitdagings ter sprake wanneer chroniese niersiekte by kwesbare bevolkingsgroepe aangespreek word: swak higiëne en besmette water, gebrek aan hidrasie, ongesonde keuses met betrekking tot voedsel en drank, taalversperrings, opvoedkundige en geletterheidsvlakke, lae inkomste, werkloosheid, gebrek aan voldoende siekteversekering en sekere kultuur-spesifieke gesondheidsgelowe en -praktyke – om net 'n paar te noem.

Wêreld-nierdag Beheerkomitee en mede-voorsitter van die Internasionale Federasie van Nierstigtings, Dr. Guillermo Garcia Garcia, herinner ons aan die uitdagings verbonde aan niersiekte in lande wat swak toegerus is om die kwessie te hanteer: "In 'n land soos Meksiko, is dit byvoorbeeld 'n tragedie om niersiekte in die eindstadium te hê. Sonder maatskaplike sekerheid of private siekteversekering word jy gedoem om te sterf."

***Drink 'n glas water en gee gerus ook een vir iemand op Wêreld-nierdag*** – Daar is baie maniere waarop 'n mens die saak kan ondersteun: Ons nooi alle burgers, owerhede, gesondheidswerkers en pasiënte om 'n glasie water op hul niere te klink en om ook 'n glas water aan hul gesinslede, vriende en kollegas's te gee. Hierdie simboliese gebaar sal mense aan die praat kry oor die risiko's, gevare en lyding verbonde

aan niersiekte en hoe dit behandel of verhoed kan word. Sodoende behoort dit bewusmaking te skep oor leefstyl keuses.

Wêreld-nierdag Beheerkomitee en mede-voorsitter van die Internasionale Nefrologievereniging, Dr. Philip Li, doen 'n beroep op almal om Wêreld-nierdag te vier: *"Deur 'n glas water op 12 Maart te drink, sal mense bewus raak van niergesondheid. Waar jy ook al bly en of jy 'n hoërisikogeval is of nie – die niere is lewensorgane en moet goed opgepas word. Deur stappe te doen om jou niere gesond te hou, verminder jy jou kans om niersiekte te ontwikkel. Vroeë opsporing en behandeling kan ook die vordering van niersiekte vertraag."*

Water beskerm jou niere. Daar is egter geen wetenskaplike bewyse dat water die risiko van chroniese niersiekte kan verminder nie.

***'n Groeiende aanlyn veldtog*** – Ons bou voort op verlede jaar se uitstekende reaksie en moedig mense aan om hul steun aanlyn te toon en ook om betrokke te raak by die stryd teen chroniese niersiekte. Meer inligting rondom Wêreld-nierdag en vieringe regoor die wêreld is beskikbaar by: www.worldkidneyday.org

Deelnemers kan boodskappe en foto's stuur deur **#glassofwater** en **#isupportwkd**.

Volg ons aanlyn velddtog hier:

### *Oor die organiseerders van Wêreld-nierdag:*

Wêreld-nierdag is 'n gesamentlike inisiatief tussen die Internasionale Nefrologievereniging en die Internasionale Federasie van Nierstigtings.

Die Internasionale Nefrologievereniging is 'n organisasie sonder winsbejag, gestig in 1960, en het die verbeterde sorg van nierpasiënte en die wêreldwye bekamping van niersiekte ten doel. Deur die organisasie se internasionale netwerk en programme word gemeenskappe in ontwikkelde en ontwikkelende lande by die stryd teen niersiekte betrek.
Meer inligting: www.theisn.org.

Die Internasionale Federasie van Nierstigtings is 'n organisasie sonder winsbejag, gestig in 1999, met 'n huidige ledetal van 63 nierstigtings en pasiëntgroepe in 41 lande. Die Federasie beywer hom vir die wêreldwye verbetering van die gesondheid, welsyn en lewensgehalte van persone met niersiekte; versprei standaarde en inligting oor die beste praktyke vir die sorg en behandeling van nierpasënte; help om nierstigtings op die been te bring in lande waar daar 'n behoefte is; fasiliteer opvoedkundige programme vir lede; en bevorder navorsing oor niersiekte.
Meer inligting: www.ifkf.org.

### *Wêreld-nierdag – amptelike vennote*

Die ruim ondersteuning van korporatiewe bydraers maak Wêreld-nierdag moontlik. Hartlike dank aan:

- Ons Wêreld-nierdag-vennote:

abbvie AstraZeneca DANONE SANOFI RENAL

- Ons Wêreld-nierdag ondersteuners:

ALEXION AMGEN

- Ons Wêreld-nierdag-weldoeners:

Baxter Fresenius Medical Care

***Persbeamptes:***

| | |
|---|---|
| **Sophie Dupuis** | **Clémentine Martini** |
| Leier van die Wêreld-nierdag veldtog | Skakelbestuurder, Ogilvy Public Relations |
| E-pos: sophie@worldkidneyday.org | E-pos: clementine.martini@ogilvy.com |
| Landlyn: +32 2808 0420 | Selfoon: +32 475 333 946 |